“So if you really, really want to fly, we will help you,” said the hen.
Little Pig sniffed and wiped away his tears. “Really?” he asked. “Will you help me?”
“Yes. We will!” Suddenly all the animals had ideas about how to help Little Pig fly.
“Where are those guinea fowl feathers?”
“I’ll get some more . . .”
“And bring those branches!”
“I think we might need that packet too.”
“No! Find a bigger packet. That one’s too small.”
They rushed around the farm collecting all the things they needed.
That evening the animals all gathered in the field to watch Little Pig fly.
There was a sound like distant thunder.
It got louder and louder.

“Ja,” sê die koei. “Jy moet altyd moed hou, Otjie. Sonder moed en hoop is die lewe leeg.”
“En vervelig,” sê die ou bok.
“As jy regtig, regtig graag wil vlieg, sal ons jou help,” sê die hen.
Otjie snuif en vee sy trane af. “Sowaar?” vra hy. “Sal julle my sowaar help?”
“Natuurlik sal ons!” Nou maak al die diere planne om Otjie te help vlieg.
“Waar’s al die tarentaalvere?”
“Ek sal nog gaan soek . . .”
“Bring daai takke!”
“Ek dink ons het die plastieksak ook nodig.”
“Nee! Dis te klein. Kry ’n groter sak!”
Almal hardloop rond op soek na alles wat hulle nodig het.
Daardie aand gaan al die diere na die landery om te kyk hoe Otjie vlieg. Meteens hoor hulle iets wat soos donderweer klink. Dit word al hoe harder.



Net toe sien ek hoe iemand die deur oopstoot en my hart klop doef-doef in my ore! Toe kom Shumba uitgehardloop. Ek gryp hom en druk hom vas. Hy is veilig!

Toe ek opkyk, staan 'n ou vrou op die smal stoep voor die huis. Sy is krom en leun swaar op haar kietrie. Haar grys hare is netjies weggebind. Ek kyk in haar oë en is verbaas dat niks in my verander nie. “Dankie,” sê ek.

Mma Raphane glimlag vir my. “Dit lyk of daardie hond 'n handvol is vir 'n klein dogtertjie soos jy.”

“Ek is jammer hy't u gepla,” sê ek.

Sy glimlag hartseer, maar sê niks verder nie. Sy draai om en stap terug in die huis in.

Ek en Gabriel stap teen die heuwel af huis toe. Ons het vergeet van jag. “Sy lyk nie soos 'n heks nie,” sê Gabriel. “Ja, ek weet. Ek dink nie sy is 'n heks nie. Ek dink Peloyame en die ander het dit opgemaak,” sê ek.

Nou voel ek regtig sleg oor die manier waarop die kinders in die dorpie Mma Raphane so lank al behandel. Ek voel sleg dat ek ook deel was daarvan. Net toe begin 'n plan in my kop vorm. “Ek dink ek weet wat ons kan doen om dinge sommer baie beter te maak!”

We thanked her and sat down to drink. The other children watched us for some time, and then they came into the yard, one by one. They picked up our tools and got to work where we had left off.

Peloyame stood at the fence alone. “Hey? What are you guys doing? She’s a witch! Have you forgotten?” Everyone ignored Peloyame. So she kicked the ground and walked away angrily.

Mma Raphane looked at the children who had run from her for so long. She turned to Gabriel and me. There were tears in her eyes. “Thank you,” she said in a scratchy whisper. She smiled down at us as we sat drinking water on her stoep. I looked at Gabriel and smiled, knowing that we had made ourselves a new friend.



The next day, my best friend, Gabriel, and I took our bows and arrows and headed up to the bush behind the hill to go hunting. “Is Shumba coming with us?” Gabriel asked looking down at my big black dog.

“Sure, why not? He likes hunting,” I said.

“But he always scares the animals away.”

I ignored Gabriel. He knew that our bows couldn’t kill anything anyway, even without Shumba.

As we climbed the hill, I wasn’t thinking about the witch’s house. But Shumba was...




Ons kruip agter die heining weg, ek, Peloyame, en Kitso. Ons haal almal hard asem. “Het jy haar gesien?” vra Peloyame uitasem.

“Ja, sy’s vreesaanjaend,” sê ek, al het ek haar nie regtig gesien nie. Maar ek hoef ook nie. Almal weet hoe Mma Raphane lyk. Sy het wilde grys hare en is lank en brandmaer, met elmboë wat regdeur 'n mens sal sny. As jy in haar oë kyk, verander jy in 'n zombie. Dit het al met baie kinders gebeur. Almal weet dit.

“Sy het haar kop by die deur uitgesteek toe ek die klip gooi. Het julle gesien?” sê Kitso opgewonde. “My nefie sê sy het sy kat opgeëet.”


“Ja, sy doen dit partykeer,” sê Peloyame en knik haar kop. Peloyame weet alles wat daar oor die heks, Mma Raphane, te wete is.






Ek kyk na die huis op die heuwel. Die pienk verf verbleek in die warm Botswana-son. Die erf is toe onder die lang gras. Enigiets kan in daardie gras wegkruip. In Rilling loop teen my ruggraat af.

Ek draai na Pelayame. Sy verduidelik vir Kitso hoe hekse, soos Mma Raphane, katte wat hulle steel in hulle kragtige medisyne gebruik. Dit raak laat. Ek weet ek gaan in die moeilikheid beland as ek nie by die huis kom nie. “Luister, julle, ek moet gaan!” Ek los hulle in die heining met hulle heksepraatjies.



I looked at the house up on the hill. Its pink peeling paint fading in the hot Botswana sun. Tall grass filled the yard. Anything could be hiding in that grass. A shiver ran down my spine.

I turned to Pelayame. She was explaining to Kitso how witches like Mma Raphane used stolen cats in their powerful medicine. It was getting late. I knew I’d be in trouble if I didn’t get home. “Listen, guys, I have to go!” I left them in the hedge busy with their witch talk.



We collected spades and rakes and headed back up the hill. Gabriel and I knocked quietly on the door. We had a short talk with Mma Raphane. Then we started clearing the long, dried grass in the yard. As we worked, other children came to stand along the fence. They stared at us, but kept silent.

Pelayame came too. She saw me and shouted, “Tebogo, are you crazy? Aren’t you afraid of the witch?”

“She’s not a witch!” Gabriel shouted back angrily.

Just then Mma Raphane came out with two glasses of cool water.

Ons maak grawe en harke bymekaar en kies weer koers teen die heuwel op. Ek en Gabriel klop saggies aan die deur. Ons praat vinnig met Mma Raphane. Toe begin ons die lang, droë gras in die erf skoonmaak. Terwyl ons werk, kom die ander kinders ook langs die heining staan. Hulle staar ons aan, maar sê nie ’n woord nie.

Pelayame kom ook. Sy sien my en skree: “Tebogo, is jy mal? Is jy nie bang vir die heks nie?”

“Sy is nie ’n heks nie!” skree Gabriel kwaai terug.

Net toe kom Mma Raphane uit met twee groot glase koue water.

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *The witch who lives on the hill* (pages 5, 6, 11 and 12), *Can Little Pig fly?* (pages 7 to 10) and *The lazy chameleon's trick* (page 14).

The witch who lives on the hill

- ★ What was so scary on the hill?
- ★ What did the children find out?
- ★ Is there someone in your community, or school, who people say nasty things about? Have you found out for yourself if those things are true?
- ★ What could you do to find out for yourself?
- ★ If rumours about someone are false, what could you do to change what other people think about that person?



Raak doenig met stories!


Hier volg 'n paar aktiwiteite wat jy kan probeer. Dit is op al die stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Die heks wat op die heuwel woon* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Kan Otjie vlieg* (bladsye 7 tot 10) en *Die lui trapsuutjies se slinkse plan* (bladsy 15).

Die heks wat op die heuwel woon

- ★ Wat het die kinders op die heuwel so bang gemaak?
- ★ Wat het die kinders uitgevind?
- ★ Is daar iemand in jou gemeenskap of skool van wie mense nare dinge sê? Het jy al self probeer uitvind of daardie dinge waar is?
- ★ Wat kan jy doen om self te probeer uitvind?
- ★ As vals gerugte oor iemand versprei word, wat kan jy doen om mense se houding teenoor daardie persoon te verander?

Can Little Pig fly?

- ★ Why do you think Little Pig didn't give up trying to fly?
- ★ Is there something that you really want to do? What is it?
- ★ Ask open-ended questions (questions that cannot be answered by saying "yes" or "no" and instead can be answered in different ways). For example:
 - Do you think the animals treated Little Pig well? Why or why not?
 - Is hope and having dreams the same thing? Why or why not?
 - Do you agree with the cow that we should always have hope? Why or why not?



Kan Otjie vlieg?

- ★ Hoekom dink jy het Otjie nie moed opgegee om te probeer vlieg nie?
- ★ Is daar iets wat jy regtig graag wil doen? Wat is dit?
- ★ Vra ope vroe (vrae wat nie met "ja" of "nee" beantwoord kan word nie, maar op verskillende maniere). Byvoorbeeld:
 - Dink jy die diere het vir Otjie goed behandel? Hoekom of hoekom nie?
 - Is om moed te hou en om drome te hê dieselfde ding? Hoekom of hoekom nie?
 - Stem jy saam met die koei dat ons altyd moet moed hou? Hoekom of hoekom nie?

The lazy chameleon's trick

- ★ Was Chameleon borrowing or stealing when he took things from Hare, Frog, Tortoise and Lizard? What is the difference between stealing and borrowing?
- ★ Why do you think it is good to pay back what you borrowed?
- ★ Imagine that you don't want people to know who you are. Use old clothes, hats, pieces of material and sunglasses to change how you look. Remember that you can also change the way you walk and talk to hide who you are.



Die lui trapsuutjies se slinkse plan

- ★ Het Trapsuutjies geleen of gesteel toe hy goed by Haas, Padda, Skilpad en Akkedis gevat het? Wat is die verskil tussen steel en leen?
- ★ Hoekom dink jy is dit goed om dit wat jy geleen het, terug te gee?
- ★ Stel jou voor jy wil nie hê mense moet weet wie jy is nie. Gebruik ou klere, hoede, lappe en 'n sonbril om jou voorkoms te verander. Onthou dat jy ook die manier waarop jy loop en praat kan verander om jouself te vermom.



Drive your
imagination



The lazy chameleon's trick

Written by Pirai Mazungunye ■ Illustrated by Vian Oelofson



Long ago, in the peaceful village of Mudavula, there lived a very lazy chameleon. At that time, all the animals farmed the land to feed themselves and their families. All except Chameleon. Because of his laziness, he did not want to work like everyone else. Instead, he thought up a crooked plan so that he could borrow from others and live well.

One Monday morning, Chameleon went to Hare to borrow maize meal. Before he arrived at Hare's house, he changed his skin colour from brown to green.

"Please lend me some maize meal," Chameleon asked.

"And when will you pay me back?" Hare asked.

"At the end of the month!" Chameleon promised.

Hare filled the empty bucket that Chameleon had brought. Chameleon took the maize meal home, smiling as he went. He was thinking about his crooked plan to trick the other animals. He made up a little song to help him remember his plan.

*I will change my colours
But no one will ever know.
I was green when Hare saw me,
With Lizard I'll be yellow.
Frog will see a black chameleon
With Tortoise, brown I'll be.
I will change and change my colours.
They will never know it's me!*

On Tuesday, Chameleon woke up hungry. "I can't eat porridge every day. I need rice!" Chameleon thought. "I will change my skin colour to yellow and go to Lizard. If I can trick everyone, I will not pay anyone anything!"

Chameleon went with his empty bucket to Lizard, who kindly filled it with rice. Chameleon promised to pay Lizard back at the end of the month.

On Wednesday, after cooking some rice, Chameleon looked unhappily at his plate. "No! No! Plain rice is not nice. I need meat!" Chameleon thought for a while. "Frog will give me meat!" he decided.

Chameleon changed his skin colour to black and ran to Frog's house with his empty bucket. Frog filled his bucket with meat. Again, Chameleon promised to pay Frog back at the end of the month.

"I am missing fruit. I need it!" Chameleon thought on Thursday. "Who has fruit?" Chameleon thought, scratching his head. "Tortoise! Yes, Tortoise!"



Chameleon changed his skin colour to brown and went to Tortoise with his empty bucket. He asked Tortoise for fruit, and Tortoise filled his bucket with bananas, oranges and apples.

"Thank you, thank you, Mr Tortoise. I will pay you back at the end of the month," he promised.

All the time Chameleon kept singing his song so that he would remember his colour tricks.

*I will change my colours
But no one will ever know.
I was green when Hare saw me,*

*With Lizard I'll be yellow.
Frog will see a black chameleon
With Tortoise, brown I'll be.
I will change and change my colours.
They will never know it's me!*

When the end of the month came, the animals waited for Chameleon to come and pay them back what he had borrowed. But Chameleon did not come.

First, Hare went to Chameleon's house. "Those of here! Those of here!" Hare called loudly at the gate.

Chameleon peeped through the window. When he saw Hare, he remembered his song. "Aah, Mr Hare, I was green when I borrowed your maize meal," Chameleon said to himself. Quickly, he changed his skin colour to yellow and went to the gate to meet Hare.

"I am looking for a green chameleon," Hare said surprised.

"A green chameleon? I live here alone. I moved in not long ago," Chameleon lied to Hare.

Hare left and Chameleon went back into his house. "I am the clever one," Chameleon boasted aloud, jumping onto the couch.

In the days that followed, Lizard, Frog and Tortoise also came looking for the chameleon who had borrowed rice, meat and fruit from them. Chameleon tricked each one by changing his skin colour so that they would not recognise him.

Another month passed by. Then Hare, Lizard, Frog and Tortoise met by a big marula tree to gather its delicious golden fruit. Looking at his basket of marulas, Tortoise said, "A green chameleon has moved in at the brown chameleon's house. That brown chameleon owes me a bucket of fruit."

"No," said Hare. "A yellow chameleon stays at that house. I am looking for the green chameleon who owes me a bucket of maize meal."

"No," Lizard said. "A black chameleon stays at that house. I am looking for the yellow chameleon who owes me a bucket of rice."

"No," Frog said. "A brown chameleon stays at that house. I am looking for the black chameleon who owes me a bucket of meat."

Then Lizard said, "Could it be that one chameleon has tricked us all by changing his skin colour? Let's all go to the house at the same time."

So Hare, Lizard, Frog and Tortoise marched to Chameleon's house and shouted for him to come out.



Chameleon peeped through the window at the angry animals. He felt ashamed that his laziness had brought him so much trouble, so he went out and begged Hare, Lizard, Frog and Tortoise to forgive him.

Hare, Lizard, Frog and Tortoise agreed to forgive Chameleon. "But never again will you get anything from any one of us," they said.

And from that day on, the lazy chameleon had to work for his food just like everyone else.



Drive your
imagination



Die lui trapsuutjies se slinkse plan

Geskryf deur Pirai Mazungunye ■ Geïllustreer deur Vian Oelofson



Lank gelede, in die rustige dorpie Mudavula, het daar 'n baie lui trapsuutjies gewoon. In daardie tyd het al die diere die grond bewerk om vir hulle en hul families kos te voorsien. Almal behalwe Trapsuutjies. Omdat hy so lui was, wou hy nie soos al die ander diere werk nie. Hy dink toe eerder 'n slinkse plan uit sodat hy by die ander kan leen en lekker kan lewe.

Een Maandagoggend gaan Trapsuutjies na Haas toe om mieliemeel te leen. Voor hy by Haas se huis aankom, verander hy sy kleur van bruin na groen.

"Leen asseblief vir my 'n bietjie mieliemeel," vra Trapsuutjies.

"En wanneer sal jy my terugbetaal?" wil Haas weet.

"Aan die einde van die maand!" belowe Trapsuutjies.

Haas maak die leë emmer wat Trapsuutjies saamgebring het, vol. Trapsuutjies neem die mieliemeel met 'n glimlag huis toe. Hy dink aan sy slinkse plan om die ander diere om die bos te lei. Hy sing 'n liedjie om hom te help om sy plan te onthou.

*"Ek sal my kleur verander
Maar niemand sal ooit weet nie.
Ek was groen toe ek Haas my sien,
By Akkedis is ek weer geel.
Padda sal 'n swart trapsuutjies sien
En Skilpad weer 'n bruine.
Ek sal van kleur bly verander.
Hulle sal nooit weet dis ek nie!"*

Dinsdagoggend word Trapsuutjies honger wakker. "Ek kan nie elke dag pap eet nie. Ek het rys nodig!" dink Trapsuutjies. "Ek sal my kleur na geel verander en na Akkedis toe gaan. As ek almal om die bos kan lei, sal ek niemand enigiets hoef te betaal nie!"

Trapsuutjies stap met sy leë emmer na Akkedis toe, en Akkedis is gaaf genoeg om dit vol rys te maak. Trapsuutjies belowe om Akkedis aan die einde van die maand terug te betaal.

Woensdag, nadat hy rys gekook het, kyk Trapsuutjies bek-af na sy bord. "Nee! Nee! Gewone rys is nie lekker nie. Ek het vleis nodig!" Trapsuutjies dink 'n rukkies na. "Padda sal vir my vleis gee!" besluit hy.

Trapsuutjies verander sy kleur na swart en hardloop na Padda se huis toe met sy leë emmer. Padda maak sy emmer vol vleis. Weer belowe Trapsuutjies om Padda aan die einde van die maand terug te betaal.

"Ek kort vrugte. Dis wat ek nodig het!" dink Trapsuutjies Donderdag. "Wie het vrugte?" dink Trapsuutjies en krap sy kop. "Skilpad! Ja, Skilpad!"



Trapsuutjies verander sy kleur na bruin en gaan met sy leë emmer na Skilpad toe. Hy vra Skilpad vir vrugte, en Skilpad maak sy emmer vol piesangs, lemoene en appels.

"Dankie, dankie, meneer Skilpad. Ek sal jou aan die einde van die maand terugbetaal," belowe hy.

Die hele tyd sing Trapsuutjies sy liedjie sodat hy sy slinkse plan met sy kleure kan onthou.

*"Ek sal my kleur verander
Maar niemand sal ooit weet nie.
Ek was groen toe ek Haas my sien,*

*By Akkedis is ek weer geel.
Padda sal 'n swart trapsuutjies sien
En Skilpad 'n bruine.
Ek sal van kleur bly verander.
Hulle sal nooit weet dis ek nie!"*

Toe die einde van die maand aanbreek, wag die diere vir Trapsuutjies om dit wat hy geleen het, te kom teruggee. Maar Trapsuutjies daag nie op nie.

Eers gaan Haas na Trapsuutjies se huis toe. "Meneer Trapsuutjies, Meneer Trapsuutjies!" roep Haas hard by die hek.

Trapsuutjies loer deur die venster. Toe hy vir Haas sien, onthou hy sy liedjie. "Aa, meneer Haas, ek was groen toe ek mieliemeel by jou geleen het," sê Trapsuutjies vir homself. Vinnig verander hy sy kleur na geel en gaan ontmoet vir Haas by die hek.

"Ek is op soek na 'n groen trapsuutjies," sê Haas verbaas.

"'n Groen trapsuutjies? Ek woon alleen hier. Ek het onlangs ingetrek," jok Trapsuutjies vir Haas.

Haas loop weg en Trapsuutjies gaan terug in sy huis in. "Ek is die slim een," spog Trapsuutjies hardop en spring op die rusbank.

Die volgende paar dae kom soek Akkedis, Padda en Skilpad ook na die trapsuutjies wat rys, vleis en vrugte by hulle geleen het. Trapsuutjies lei almal om die bos deur sy kleur te verander sodat hulle hom nie kan herken nie.

Nog 'n maand gaan verby. Toe ontmoet Haas, Akkedis, Padda en Skilpad mekaar by 'n groot maroelaboom waar hulle die heerlike goudgeel vrugte bymekaar maak. Terwyl Skilpad na sy mandjie vol maroelas kyk, sê hy: "'n Groen trapsuutjies het in die bruin trapsuutjies se huis ingetrek. Daardie bruin trapsuutjies skuld my 'n emmer vrugte."

"Nee," sê Haas. "'n Geel trapsuutjies woon in daardie huis. Ek is op soek na die groen trapsuutjies wat my 'n emmer mieliemeel skuld."

"Nee," sê Akkedis. "'n Swart trapsuutjies woon in daardie huis. Ek is op soek na die geel trapsuutjies wat my 'n emmer rys skuld."

"Nee," sê Padda. "'n Bruin trapsuutjies woon in daardie huis. Ek is op soek na die swart trapsuutjies wat 'n emmer vleis by my geleen het."

Toe sê Akkedis: "Kan dit wees dat een trapsuutjies ons almal om die bos gelei het deur van kleur te verander? Kom ons gaan almal saam na die huis toe."

Haas, Akkedis, Padda en Skilpad stap toe na Trapsuutjies se huis toe en roep dat hy moet uitkom.



Trapsuutjies loer deur die venster na die woedende diere. Hy voel skaam omdat hy so lui was en dit hom in die moeilikheid laat beland het. Hy gaan buitentoe en smeek Haas, Akkedis, Padda en Skilpad om hom te vergewe.

Haas, Akkedis, Padda en Skilpad stem in om Trapsuutjies te vergewe. "Maar jy sal nooit ooit weer enigiets by enigeen van ons kry nie," sê hulle.

En van daardie dag af moet die lui trapsuutjies vir sy kos werk, net soos al die ander diere.

Nal'ibali fun


Nal'ibali-pret



1.

The picture outlines below are from the story *The lazy chameleon's trick*.

- Write the name of each animal under each picture outline.
- Look at the pictures in the story. Colour in each animal.
- Colour in the chameleon under each animal. Use the colour that Chameleon used when he visited the animal. Write the name of the colour under each picture.



Die buitelyne van die prente hier onder kom uit die storie *Die lui trapsuutjies se slinkse plan*.

- Skryf elke dier se naam onder elke buitelyn.
- Kyk na die prente in die storie. Kleur elke dier in.
- Kleur die trapsuutjies onder elke dier in. Gebruik die kleur wat Trapsuutjies gebruik het toe hy na daardie dier toe is. Skryf die naam van die kleur onder elke prent neer.

2.

Read the beginning of the story below. Look at the picture. Now write what you think happened next.

Long, long ago, hares had beautiful, long, fluffy white tails, which they wagged whenever they felt happy or excited. At that time, all the hares lived on an island, separated from the mainland by a wide, foaming river. Though the hares knew how to swim, they could never reach the mainland, because in this river lived dozens and dozens of big, green, hungry crocodiles. These crocodiles loved nothing more than delicious hare for breakfast, lunch and supper.

One day, an especially frisky young hare called Haruki suddenly had a brilliant idea. "Guess what?" he boasted to his friends. "Today I'm going to escape to the mainland!"



Lees die begin van die storie hier onder. Kyk na die prent. Skryf nou neer wat jy dink volgende gebeur.

Lank, lank gelede het hase pragtige, lang, wollerige, wit sterte gehad, en wanneer hulle gelukkig of opgewonde was, het hulle hul sterte gewaai. In daardie tyd het al die hase op 'n eiland gewoon wat deur 'n breë, skuimende rivier van die land geskei is. Al kon die hase swem, kon hulle nooit by die land uitkom nie, want in die rivier was daar dosyne der dosyne groot, groen, honger krokodille. Hierdie krokodille se gunstelingkos was haasvleis vir ontbyt, haasvleis vir middagete en haasvleis vir aandete.

Op 'n dag kry 'n besonder baldadige jong hasie, Haruki, skielik 'n briljante idee. "Raai wat?" spog hy by sy vriende. "Vandag gaan ek na die land ontsnap!"

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

RISING SUN

PROTEA

RECORD

EYETHU

Bonus

LENTSWE

RIDGE TIMES



Drive your imagination

